



# Graad 6

## Lewensvaardighede

### Week 1: Memorandum



**Maandag, 20 April:**

#### **Eenheid 1**

**Aktiwiteit 1**- Christopher se storie op p.53 in jou handboek

1.

<b>Wat het gebeur?</b>	<b>Voostelle</b>
Hy het te laat wakker geword.	Hy moes sy wakker gestel het. Hy moes die vorige nag vroeër gaan slaap het.
Hy het sy saamrygeleenteheid verpas en was laat vir skool.	Hy moes sy wakker gestel het.
Hy het van sy Wiskundetoets vergeet.	Hy moes 'n aantekening oor die toets in sy huiswerkboek gemaak het.
Hy moes 'n brief van die kantoor afhaal.	Hy kon 'n vriend gevra het om dit te doen.
Hy moes 'n sokkervergadering saam met sy afrigter bygewoon het.	Hy kon die vergadering bywoon terwyl sy vriend die brief gaan haal het.
Hy moes 'n boek by die biblioteek vir die NWT-klas uitneem.	Hy moes die boek die dag voordat hy dit in die klas benodig het, uitgeneem het.
Hy het tienuur gaan slaap.	Hy moes sy dag beter beplan het sodat hy vroeër kon gaan slaap.

2.

- Moenie uitstel nie
- Moenie kla nie
- Maak dit lekker

3. Luister na jou gunstelingmusiek of sing terwyl jy skottelgoed was. (Jou antwoord kan verskil).

## Maandag, 20 April:

### Eenheid 4

#### Aktiwiteit 2- Masego se aktiwiteitsplan op p.57 in jou handboek

1. 10 ure
2. 2 ure
3. Hier is 'n voorbeeld van **een dag** van 'n aktiwiteitsplan as jy by die skool sou wees. Jou aktiwiteitsplan gaan verskil as gevolg van die inperkingstyd.

<b>Tye</b>	<b>Maandag</b>
06:00	Word wakker
06:30	Ontbyt
07:00	Gaan skool toe
07:40 - 14:15	Skool
14:15 - 14:30	Middagete
14:30 – 16:00	Hokkie / Netbal / Rugby (sport)
16:00 – 17:30	Huiswerk
17:30 – 18:30	Los takies by die huis bv. skottelgoed was / help met aandete
18:30 – 19:00	Aandete
19:00 – 20:00	TV
20:00 – 21:00	Berei voor vir slaaptyd bv. bad, stort, huisgodsdienst
21:30 - 06:00	Slaap